# Gebed as ek my masker opsit

**SKEPPER GOD**
as ek nou die wêreld betree
laat sien my die groter betekenis
van die lapmasker wat ek gaan dra:
Laat dit 'n teken na buite wees
van die genade wat ek binne my beleef,
'n tasbare en sigbare manier om te wys
dat ek my naaste net so liefhet soos myself.

**JESUS CHRISTUS**
aangesien my lippe toe gaan wees,
maak oop my hart
sodat mense my glimlag sien
in die lagplooitjies om my oë.
Aangesien my stem
'n bietjie onduidelik gaan wees,
help my om duidelik te praat,
nie net in woorde nie
maar ook in my dade.

**HEILIGE GEES**
wanneer die rek om my ore gaan,
herinner my tog om sorgvuldig
en met sorg te luister
na almal wat my pad kruis.
Mag hierdie stukkie lap sowel
my skild as my banier wees
en gee dat elke asemteug wat deurdeur gaan
vol van U liefde sal wees.